

DIE WERKENDE WOORD EN DIE WÊRELD

L.F. Schulze
Departement Dogmatiek, PU vir CHO

ABSTRACT

The rediscovery of the Word of God in the 16th century was in a real sense the rediscovery of its power. The living God, who stands behind his powerful Word, has shown his mercy in a particular way to the church during the Reformation period by speaking clearly and loudly to his people. The reformers, particularly Zwingli, were aware of this, and expected the renewal of the church and society from the Word. This conviction of the reformers is shown to be in line with the testimony of Scripture itself, which attributes the faith creating fruit of the Word to the triune God. The world of our day, in which the Word exerts its power is a world which seems to be dominated by a "neutral" scientific enterprise (which is not neutral), by scientific "facts" (which are quite often only hypotheses and theories) and by "objective" scientists, who are sometimes bound by superstition. This is illustrated with reference to i.a. Newton and Jung and the synthesis of science and the occult in the New Age movement.

1. DIE WERKENDE WOORD

1.1 SY KRAG

"Die Goddelike geregtigheid word deur die Woord van God in ons tyd geopenbaar, méér as wat dit vir baie eeue gebeur het" (Zwingli, 1940, Koers 53(3) 1988

7:37-38). Hierdie woorde van Zwingli, wat hy dikwels herhaal het,¹ toon 'n diepe besef van die besondere tydsgewrig waarin hy geleef het. Hierdie woorde het ook 'n eskatologiese dimensie: eeue van donkerheid is verby; die lig van die evangelie breek weer deur as teken van God wat regeer en wat die eeue na hulle voltooiing voortstu.

Wat maak die 16de eeu dan so besonders? Nie die feit dat dit 'n eeu van groot manne was nie; nie die feit dat die humanisme weer die skat van die klassieke geleerdheid en kultuur ontdek het nie; nie die feit dat dit 'n eeu van ontdekkings op sterrekundige en aardrykskundige gebied (om maar twee te noem) was nie, maar die feit dat Gód sy barmhartigheid op 'n besondere wyse toon in hierdie eeu: die krag van die evangelie breek weer deur die windsels waarin die mens dit probeer toewikkel het. Ons kan rustig hier van "evangelie" en van "krag" praat, want hierdie uitlating van Zwingli is 'n duidelike toespeling van Romeine 1:17. Ons kan dit óók doen omdat "Woord van God" vir Zwingli nie 'n formele begrip was nie, nie bloot die gefikseerde vorm van die Ou en Nuwe Testament nie, maar - soos vir Luther en Calvyn - óók die gepreekte Woord. "Woord van God" was vir Zwingli net soos "evangelie" vir Paulus was: inhoud en boodskap tegelyk.

Hy verwag dan ook die vernuwing van die gedegenereerde, vermaterialiseerde en verbrokkelde Switserse lewe van die krag van die Woord alleen. Hy verwag dit nie van onderwysvernuwing of ontwikkeling nie; nie van kuns en kultuur nie maar alleen van die Woord, wat juis in sy tyd hom weer duidelik openbaar as krag van God wat wérk. Daarom kan hy bewoë uitroep: "Om Gods wil, moenie sy Woord onderdruk nie" (CR 91:488). Die evangeliese prediking moet dus vry wees. Dit kan ook nie anders nie, want van die Woord sê Zwingli (in 'n treffende Engelse vertaling van sy woorde): "For truly, truly, it will take its course as surely as does the Rhine. It may well be checked for a while, but never stopped" (Locher, 1981:11).

Die mens wat die Woord in sy loop probeer stuit, roep die verskriklike oordeel van God in. Tog word dit altyd weer onderneem. Hierin het

¹ Vir verdere dokumentasie kyk Locher, 1981:4,11,24.

die Woord iets gemeenskapliks met die kruis: dit word verag, vervolgd en verdruk (Zwingli, 1940, 1:128). So het God dit egter in sy voorsienigheid beskik want "God se Woord moet teenstand ondervind sodat sy krag gesien kan word" (7:36).

Zwingli word dikwels geskilder as wesenlik 'n humanis met net 'n Christelike baadjie aan. Hoe onbillik tog. Hoe weinig is Zwingli hier humanis. Hy verwag die vernuwing van die geloof, van die kerk en ook van die hele lewe nié van humanistiese ideale nie. Die Woord sal dit doen; die Woord alleen, soos dit reeds sigbaar word.

'n Mens sou kon dink dat Zwingli 'n eenling was deur sy eienaardige beskouing van sy eie tyd as besondere tyd. Die opvallende is egter dat soortgelyke klanke by ander Hervormers ook gehoor word, byvoorbeeld by Calvyn, wat nie moeg word om in sy preke die bevoorregte posisie van Genève en sy burgers in te hamer nie. Die stad en sy toekoms word met Israel en sy heilsgeskiedenis in verband gebring; die vryheid wat Genève geniet, met die vryheid van Israel ná die Egiptiese slawerny. "Dit wat ons die meeste in hierdie wêreld op prys moet stel", aldus Calvyn in 'n preek oor Daniël, "is nie dat ons in 'n ryk en vrugbare land woon nie, maar wanneer Sy Woord verkondig word en ons die vryheid het om Hom aan te roep" (CR 70 (CO 42):33). Die hele geskiedenis van die Reformasie in Genève en die vryheid van die stad om die Woord te hoor, en die vrede wat daar heers, is alles bewyse van die Goddelike guns teenoor die stad. God het aan Genève hierin 'n "uitsonderlike genade" gegee (SC 5 : 49). Oral waar die onverwagte en die verbasende in die loop van die geskiedenis voorval, moet dit aan die lewende God, die Here van die geskiedenis, toegeskryf word. Dit is wat met die woord "uitverkiesing" uitgedruk word (CR 54 (CO 26):214; Peter, 1984:26-30).

Hoewel dit lyk asof Calvyn van alle mense al die foute van 'n "is-gelyk-aan-teologie" maak, doen hy dit tog nie, want die volk van Genève is nie gelyk aan Israel nie, maar wel die gelowiges; hier is geen sweem van nasionale of kerklike triomfalisme nie: Genève is nie die nuwe Jerusalem nie en Calvyn is nie die pous nie; hierdie besondere genade, hierdie verkiesende guns wat die stad te beurt val, moet Genève ook waardig wees en met groot verantwoordelikheid veral twee dinge doen:

die lig en vrede van die suiwere evangelie verder versprei én 'n gasvrye hawe vir die arme vlugteling wees (Peter, 1984:31 e.v.).

Calvyn misbruik nie in ydele roem die Bybel om sy saak en sy stad, of wat ook al, te bevorder en op te hemel nie. Só is die Skrif vóór hom en veral na hom in die glorie dae van die nasionalisme van die 19de eeu keer op keer weer misbruik (vgl. Schulze, 1985).

Wanneer Calvyn hom so oor die roeping en verkiesing van Genève uitlaat, is hy, nes Zwingli, bewus van die lewende God van die geskiedenis wat sy besondere guns in hierdie eeu van reformatie aan lande en stede van Europa betoon - juis daarin dat sy evangelie weer in krag weerklink en Hy gevolglik geken en aangeroop kan word. Calvyn is óók bewus van die aktualiteit van die Woord: van die feit dat alles wat vantevore geskryf is, tot ons lering geskryf is (1 Kor 10) en dat ons die gebeure van ons tyd in die lig van die Woord moet verstaan.

Wanneer ons hierdie enkele gegewens oor Zwingli en Calvyn in oënskou neem, verbaas dit 'n mens om te sien hoe bewus hulle van die besondere werk van God in hulle tyd was, hoe hulle met hulle hele bestaan by die evangelie en sy voortgang betrokke was, juis omdat hulle deur die evangelie gegryp is en die evangelie ook aan die werk sien. In die woorde van Zwingli: "Hier kan ek inderdaad van mense praat, wie se name ek verkies om nie te noem nie, wat uitnemend vorder - ewige lof en dank aan God! - in liefde tot God, in vrede met hulle naaste, in die kennis van die evangelie, in eenvoud van lewe, in godsalige kennis, in die gee van aalmoese en hulp aan die armes, in afbraak van hul hoogmoed, in vergewing van hulle vyande, in belangstelling vir die leer van Christus" (1940, 3:58). Die Reformatie het nie uit die eienskappe van die Bybel op formele wyse sy gesag afgelei nie; hulle het uit die inhoud en die werking van die evangelie (getuienis van die Gees in ons harte) die gesag van die woord erken. "Net al hierdie boeke neem ons aan" sê die NGB, art. 5. Die geskiedenis van die kanonvorming in die vierde eeu het 'n besondere "nasleep" in die 16de eeu.

As ons hierdie "eksistensiële" betrokkenheid van die Reformatie by die Skrif en sy werking nie meer raaksien nie, is die gevaar daar dat ons die neerslag daarvan in ons konfessie gaan misverstaan. 'n Formele

opvatting van die gesag van die Bybel het nie net vir die kerk nie maar ook veral vir ons as bedienaars van die Woord katastrofiese gevolge. Nou het ek immers die ondraaglik sware verantwoordelikheid om die Woord aktueel, kragtig, geloofwaardig te maak, hetsy deur die skoonheid van my woordkeuse, die helderheid van my logika, die aktualiteit van my verwysings na die alledaagse lewe, of deur watter kunsgrepe ook al. Ons hoef nie 'n preek aktueel te maak nie. Die evangelie is in hierdie sondemoë wêreld altyd aktueel. Die Woord van God doen altyd wat Hom behaag. Hoe weinig is die vreugde ons soms beskore om dit in die bediening te ervaar, sodat ons vir kompensasië 'n bietjie sendinggeskiedenis moet lees! Maar ons kan dit glo en mag dit glo, soos Luther, wat na sy preek vrolik en onbekommerd met sy vriende kon bier drink, want die Woord wat hy gepreek het, werk - onnaspeurlik en onbegryplik.

1.2 SY VRUG

Ons kan die vrug van die werking van die Woord saamvat in enkele aspekte: geloofskeppend, lewensnormerend en gemeenskapstigend. Hier volg slegs 'n paar opmerkings oor die eersgenoemde faset: dit is immers bekende stof.

Wanneer ons hierdie drie noem, is dit reeds duidelik hoe onafskeidbaar verenig Woord en Gees is. Die krag van die Woord is die krag van die Gees.

Hierdie stelling is algemeen bekend, veral omdat die Heidelberger die noue verbinding van Woord en Gees in Vraag 21 treffend saamvat, naamlik dat die geloof ook 'n vaste vertrouë is "wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk". Hierdie noue verbinding van Woord en Gees spring in die oog wanneer ons Romeine 10:17 met 2 Korintiërs 4:13 vergelyk.

Romeine 10:17 lui in die 1953-vertaling soos volg: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God". H. Ridderbos

maak in sy Romeinekommentaar 'n sterk saak uit om die uitdrukking "uit die gehoor" meer aktief op te neem. Dit sal vers 17 meer in lyn bring met vers 14 en 15, waarvan dit 'n samevatting is, en ook met vers 18, wat daarop volg. Bowendien is daar 'n variant in die lesing van vers 17 - verdiskonteer in die Nestleteks - wat "Woord van Christus" i.p.v. "Woord van God" lees. Ook dit sluit nouer aan by die betoog in vers 14: "En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie?" 'n Mens kan dus saam met Ridderbos vertaal: "die geloof is dus uit die hoor, en die hoor is deur die Woord van Christus" (1959:242). Laasgenoemde dan in die sin van: die Woord aangaande Christus; die woord waarvan Christus die inhoud is. Die nuwe vertaling vat dit mooi saam: "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus". Opvallend in hierdie teks - in sy verband - is die swaar aksent wat Paulus op die hoor van die evangelie plaas. Deur die hoor van die evangelie ontstaan die geloof. Die woord aangaande Christus is dus geloofskeppend.

In 2 Korintiërs 4:13 word die Heilige Gees "die Gees van die geloof" genoem. Paulus sê met verwysing na Psalm 116:10: "En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het glo ons ook, daarom spreek ons ook". Calvin merk hierby fynsinnig op dat Paulus die woorde "Gees van die geloof" en "geloof" (wat die Gees werk) as sinonieme gebruik en duidelik leer dat ons dit van nature nie het nie (Inst. 3.2.35). "Gees van die geloof" beteken hier dat dit die Heilige Gees is wat die geloof tot stand bring en ons dring om te praat. So omskryf die nuwe vertaling dit dan ook: "Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en ons glo, daarom praat ons ook".

Wanneer ons die gedeeltes uit Romeine en 2 Korintiërs byeenbring, kry ons dit wat die Heidelberger so mooi geformuleer het: Die Gees werk deur middel van die Woord van Christus (ὄλα ρηματος χριστου! - Rom 10:17) die geloof. Anders gesê: Die krag van die Woord is die krag van die Gees.

Tog moet ons nog verder gaan. Daar is trouens ook nog ander perspektiewe uit die selfgetuigenis van die Skrif, naamlik dat dit nie nét die Gees is wat agter die Woord staan om dit te gebruik nie. Ook Christus sêlf staan agter sy Woord!

Dit word onder andere duidelik uit 'n opmerking van die Bybel met verklarende aantekeninge by Romeine 10:14, naamlik dat die uitdrukking "van Wie" ook bloot met "Wie" vertaal kan word. Dus: "En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie", kan ook lees: "En hoe kan hulle in Hom glo wie (wat) hulle nie gehoor het nie". Die verklarende aantekeninge merk op: "Dit is Christus self wat predik deur die predikers". Ons kan dit ook só stel: Wie die Woord hoor, hoor nie net wat die Gees aan die gemeentes sê nie (Op 2:17) maar hoor ook Christus self. Dieselfde perspektief kom in sig wanneer ons nog 'n keer na die besitlike vorm, "deur die Woord van Christus" in Romeine 10:17 kyk. Eksegeties kan ons sê: dis die woord van Christus én aangaande Christus; 'n woord wat dus nie net Christus as inhoud het nie maar ook inderdaad van Hom afkomstig is (vgl. Ridderbos, 1959:242). Dit kom ooreen met Handeling 16:14: Die Here het Lidia se hart vir Paulus se woorde oopgemaak. Christus staan agter die evangelie.

In Efesiërs 2, waar duidelik tussen God (die Vader) en Christus onderskei word,² word die geloof aan God toegeskryf: geloof is 'n gawe van God. Daarom is dit ook nie vreemd dat Paulus die evangelie "'n krag van God" noem nie, en dit juis omdat die "vreemde geregtigheid" (Luther) wat God aan ons skenk, daarin aan die lig kom en geloof gevolglik al is wat hier tel (Coetzee, 1986:8-9). En dan gaan dit nie om 'n bloot abstrak-deskriptiewe eienskap wat die evangelie aankleef nie, maar om die konkrete krag van die persoonlike, lewende God, wat Hy deur die evangelie uitoefen. GóD staan agter die evangelie.

Ons stuit hier op 'n diepe geheimenis wat Augustinus reeds raakgesien en treffend geformuleer het: al die werke van God na buite is werke van die Drie-enige God! Dit is goed om hierdie geheim altyd in gedagte te hou - ook wanneer ons oor die derde deel van die Kategismus preek. Ons mag die werk van die Gees nooit isoleer nie - ook nie, en veral nie in die spiritualistiese dampkring van ons eeu nie!

² Vgl. die hoofsin van Efesiërs 2:4-7: God het ons saam met Christus lewend gemaak en opgewek

Die evangelie is Woord van God, krag van God, Woord van en oor Christus, Woord wat die Gees spreek en juis só heilbrengend en geloofskeppend.

2. DIE WÊRELD

Hoe lyk die wêreld waarin ons deur God geroep word om sy werkende Woord te verkondig? Oor hierdie vraag sou 'n mens 'n boek kon skryf. Ons stip hier kortliks twee punte aan: die wetenskap van ons tyd en die mens van die wetenskap. En ook oor hierdie twee sake word uit die aard van die saak weinig gesê: net enkele gedagtes word na vore gebring.

2.1 DIE WETENSKAP

Dat die wetenskap veral sedert die begin van die 19de eeu sy triomfe gevier het, is algemene kennis. Hierdie triomf was egter geen ongemengde seën nie, want die wetenskap het met sy oorwegende rasionalisties-verklarende inslag God uit die wêreld probeer wegverklaar en gevolglik die skepping van God gereduseer tot 'n neutrale en "ewige" gegewe, waarvan die mens enersyds weliswaar deel is maar wat hy andersyds ook kan deurvors, verklaar en manipuleer. Die invloed van hierdie moderne wêreldbeeld van 'n neutrale, bloot wetmatig bepaalde natuur op ons almal is veel groter as wat ons dink en neig voortdurend om ons te ontcrag tot geestelike tweeslagtigheid.

Is die wetenskap egter werklik so neutraal as wat dit voorgee om te wees? Is dit werklik bloot op verstandelike verklaring puur en simpel afgestem? Het die wetenskap inderdaad só 'n oorredende en dwingende gesag dat ons op een of ander wyse die gesag van die Woord daarby moet aanpas?

'n Mens sal op hierdie vrae onderskeidend moet antwoord. Eerstens is dit so dat die wetenskap sekere werkinge en geheimenisse van die skepping aan die lig gebring het. Daarby kan ons nie verbykom nie en moet hierdie gegewens in ons Skrifverstaan en -verklaring erken. Andersyds is dit so dat huidige wetenskaplikes soms rondit erken dat die mens met al sy skerpsinnigheid en tegnologiese prestasies eintlik baie min van die heelal af weet.³ Bowendien moet ons in gedagte hou dat baie sogenaamde "wetenskaplike" verklarings minstens op hipoteses en meestens op teorieë berus wat nie as bewese kan geld nie - ten spyte daarvan dat baie wetenskaplikes ons die teendeel wil wysmaak.

2.2 DIE MENS VAN DIE WETENSKAP

Dit is egter eers as ons na die lewe en werk van die groot wetenskaplikes kyk wat ons eeu gestempel het, dat ons tot die ontnugtering kom dat rasionalisme en mistiek in ons dag nog net so 'n alliansie vorm as in die Middeleeue (Van der Linde, 1976:49). 'n Mens moet hier beslis waak teen veralgemenings en moddergooiery. As daar egter biografiese gegewens van groot wetenskaplikes aan die dag kom wat lig op 'n ander sy van hulle werk werp, kan ons die oë nie daarvoor sluit nie.

³ Die wonder van die skepping en sy raaisels kom deurgaans aan die orde in Jordan, 1968 en Philbert, 1964, om maar enkeles te noem. Kyk oor die wonder van die menslike brein Popper en Eccles, 1977. Dis opmerklik dat positiviste dikwels pessimisties is oor die vordering in die verklaring van die menslike brein. Die Nobelpryswenner, Crick, wat saam met Watson die genetiese kode "ontsyfer" het, en Hubei is twee voorbeelde in dié verband. (kyk Crick, 1979:219-232 en Hubei, 1979:45-53). Ganong (1983:114) vat die heersende gevoel mooi saam as hy hom by Penfield aansluit: "Those who study the neurophysiology of the mind are like men at the foot of a mountain. They stand in the clearings they have made on the foothills looking up at the cloud-shrouded mountain they hope to scale".

Dan is dit tog verbasend dat die groot Newton hom óók met die spekulatiewe en dikwels okkulte alchemie besig gehou het! Minder as vyf jaar na die publikasie van sy Principia onderneem hy 'n "momumentale" studie van die hele alchemistiese tradisie. Daarom vra R.S. Westfall tereg: "Have we perhaps mistaken the thrust of Newton's career? To us, the Principia inevitably appears as a climax. In Newton's perspective, it may have seemed more like an interruption of his primary labour". Na 'n intensiewe studie van Newton se verbintenis met die alchemie kan J.M. Keynes self verklaar: "Cambridge's greatest son was not the first of the age of reason but the last of the magicians (sitate in Easlea, 1980:171).

Ondertussen is die stelling dat Newton "the last of the magicians" was, beslis nie waar nie. In 'n resente proefskrif het K.H. Brill, bibliotekaris van die mediese biblioteek van die VU, die enorme invloed van die gnostiese tradisie in die Westerse denke aangetoon.

Dit is bekend dat die invloedryke Jung op sy oudag elke aand hom in die okkulte literatuur van die Kabbala verdiep het (Ouweneel, 1978:63, 66). Verder is dit ontstellend dat juis Jung die afgelope twee dekades die teologie van alle wetenskappe al meer beïnvloed. Sy invloed slaan deur by strukturalistiese linguïste soos Dan O Via, wat in sy analise van die gelykenis van die onregverdige regter, met behulp van die analitiese metodes van Bremond e.a. uiteindelik by 'n Jungiaanse interpretasie van die gelykenis uitkom (Via, 1976:4-31). Daar word voluit met Jung se psigologie gewerk deur iemand soos Hanna Wolff. Ook ander teoloë in Duitsland probeer met die resep van Jung teologie beoefen (Spiegel, 1987:22-25).

Die okkultistiese streep van die Weste is duidelik sigbaar in die populariteit wat Oosterse godsdienste vandag geniet; kan maklik in allerlei sektes soos die Amerikaanse Moonies en Rajneeshies gesien word en kom onverbloem in die Ideale van die Moderne New Age na vore. Ons gaan tog nou die tydperk van Aquarius binne! (Hexham en Poewe, 1986:24 e.v., 37, 100).

Om saam te vat: ons wêreld word nie ten diepste gedomineer deur die wetenskap nie: dit is nog steeds die wêreld wat in die mag van die Bose

lê Die opbloeï van die okkultisme en al sy bygelowige praktyke, juis in die "Christelike" Weste, is teken van die tyd; 'n laaste magsmontering van die Satan, wat weet dat sy tyd kort is.

Wat 'n voorreg om in hierdie wêreld van vandag die kragvolle Woord van die Drie-enige God te verkondig - daardie woord wat nie net geloofskeppend is nie maar as sodanig skeppingsmagtig is, alles in aansyn geroep het en lewe uit die dood gebied.

BRONNELYS

BAUM, G. CUNITZ, E. en REUSS, E., reds. 1864-1900. Joannes Calvini opera quae supersunt omnia (=CO). Corpus reformatorum, vol. 28-85. Brunswyk : Schwetschke en seun.

CALVYN, J. 1559. Institutes of the Christian religion (transl. H. Beveridge). Grand Rapids : Eerdmans (1962).

CALVYN, J. Sermons sur Daniel. (In Corpus reformatorum, vol. 42.)

COETZEE, J.C. 1986. Die gedagtestruktuur (-lyn) van Romeine. (In Coetzee, J.C. red. Glo- en jy sal lewe. Klerksdorp : EFJS. p.6-12.)

CR (Corpus reformatorum). Kyk Buam, Cunitz en Reuss en ook Egli.

CRICK, F.H.C. 1979. Thinking about the brain. Scientific American, 241(3):219-232.

EASLEA, B. 1980. Witch-hunting, magic and the new philosophy. Sussex : The Harvester Press.

EGLI, Emil e.a. reds. 1905 e.v. Huldrich Zwingli's sämtliche Werke. Corpus reformatorum, vol. 88 e.v. Zürich.

- GANONG, W.F. 1983. Review of medical physiology. Los Altos : Lange.
- HEXHAM, Irving en Karla Poewe. 1986. Understanding cults and new religions. Grand Rapids : Eerdmans.
- HUBEL, David L. 1979. The brain. Scientific American, 241(3):45-53.
- JORDAAN, Pascual. 1968. Der Naturwissenschaftler vor der religiösen Frage. Oldenburg : Stalling.
- LOCHER, Gottfried W. 1981. Zwingli's thought. New perspectives. Leiden : Brill.
- MÜLHAUPT, Erwin. red. 1936. Supplementa Calviniana. Sermons inédits. Neukirchen : Neukirchener Verlag.
- OUWENEEL, W.J. 1978. Het domein van de slang. Amsterdam : Buiten en Schipperheijn.
- PETER, R. 1984. Genève dans la prédication de Calvin. (In W.H. Neuser, red. Calvinus ecclesiae Genevensis custos. Frankfurt a.M. : Peter Lang.)
- PHILBERT, B. 1964. Christliche Prophetie und Nuklearenergie. Zürich : Christiana-Verlag
- POPPER, K.J. en ECCLES, J.C. 1977. The self and its brain. Berlyn : Springer.
- RIDDERBOS, H. 1959. Aan die Romeinen. Kampen : Kok.
- SC (Supplementa Calviniana). Kyk Mülhaupt.
- SCHULZE, L.F. 1985. Nasionalisme. (In Van Wyk. J.H. en J.M. Vorster, reds. Altyd reformeer. Braamfontein : De Jong.)

SPEIGEL, Yorik. 1987. Archetyp in Talar. Carl Gustav Jung in der Tehologie. Evangelische Kommentare, 20(1):22-25.

VAN DER LINDE, S. 1976. Schriftgezag en rede. (In Terlouw, A. en A.J. Zoutendijk reds. Het hoge Woord. Amsterdam : Ton Bolland p45-61).

VIA, Dan O. 1976. The parable of the Unjust Judge. (In Patte, D., red. Semiology and parables. Pittsburgh, Pa. : Pickwick Press.)

ZWINGLI, H. 1940-1947. Hauptschriften. Bde.1,3,7. Bearbeitet von F. Blanke, O. Farner, R. Pfister. Zürich : Zwingli-Verlag.